ELBIE TRUTER
*Tibbie (Rachel Isabella Steyn), 1866-1955. Haar Lewe Was Haar Boodskap*
Human & Rousseau
Cape Town, Pretoria, Johannesburg
1997
ISBN 07981 37703
Prys onbekend

Met Tibbie neem Elbie Truter die leser op 'n uitgebreide lewensreis in die geskiedenis van die vrou van die eertydse Oranje-Vrystaatse president, M.T. Steyn. Sy verkies ook om Rachel Isabella Steyn, alombekend as Tibbie, hoofsaaklik self aan die woord te stel. Hierdie is eerstehandse indruke wat, vanuit 'n akademiese oogpunt beskou altyd verwelkom word. Naas Tibbie se korrespondensieskat is van haar korrespondente, bestaande uit naasfamilie, haar eggenoot, en vriende (onder meer Emily Hobhouse en generaal J.B.M. Hertzog) se briewe soos aan Tibbie gerig, ook geplaas. Hierdeur word aan die leser 'n breër perspektief gegee om die tydsgleuf waarin Tibbie geleef het, sowel as die soms terloopse indrukke van Tibbie soos deur korrespondente voorgehou, tot sy reg te laat kom.

Tibbie is in nege hoofstukke ingedeel. In Hoofstukke Een tot Vyf is haar kinderjare uitgelig. Daarop volg haar 32-jaar lange huweluksverbintenis met die vermaarde president M.T. Steyn. Bo en behalwe die lief en leed, te midde van twee oorloë, is beide Tibbie en Theunis se rol in die opheffing van die Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgelig (onder meer die stigting van die Meisieskool Oranje, die oprigting van die Vrouemonument in Bloemfontein en die stigting van die Oranje Vroue Vereniging oftewel OVV). Die skrywer toon deurgaans aan hoe beperk die rol van mevrou Steyn voorkom sonder die leiding en inisiatief van haar eggenoot. Veel eerder is haar rol die van 'n onontbeerlike ondersteunende eggenoot, en baie soortgelyk aan die vroue van haar tyd.

Vanaf Hoofstukke Ses tot Nege is veel meer kwaliteite en self-geinspireerde aktiwiteite van Tibbie beklemtoon. Dit is veral haar rol as sorgdraer vir behoewendes in Europa na die EersteWereldoorlog wat mettertyd aan haar die titel "volksmoeder" besorg het - of so wil sommige glo. Haar lewe was en bly half 'n voortsetting van haar man se ideale. Volgens die skrywer was sy nooit werklik vir die openbare oog opgewasse nie, en verder het sy ook as vrou en moeder volgens 'n streng gereformeerde Europese model opgegroei. Binne hierdie raamwerk van blootstelling het sy haar ideale nagestreef. Hieronder tel haar onbeskroomde uitlewing van eg-vroulike emosies waar sy dit as die nodigste geag het, onder meer binne die aktiwiteite van die OVV). In hierdie opsig is Tibbie eerder 'n "moeder Theresa" en 'n "Prinses Diana" van haar tyd. Haar lewe as boodskap (soos in die titel vervat) dui dus veel eerder op die innemende wyse waarop sy hulpbehoewendes probeer help het.

Etlike prysenswaardige punte van hierdie boeiende en insiggewende biografie is tot die eer van die skrywer. Benewens die omvattende landswye bronnestudie wat onderneem is, val die stillistiese behendigheid om primere bronne betekenisvol te verbind ook op. Daarby verhelder die collage van fotos Tibbie se lewensskets. Die ongenommerde subafdelings dra daartoe by om die verskeidenheid van gebeure tematies-chronologies te struktureer. Dit is wel plek-plek steurend wanneer spronge in die chronologie gemaak word. Dit lei tot 'n onvermydelike herhaling van inligting.

Vir akademici en soekendes na die bydrae van mevrou Steyn tot die breë politieke sentimente van die dag sal Tibbie heelwaarskynlik min pitkos bied. Haar en Theunis Steyn se beskeie bevordering van Afrikaans as spreektaal, sowel as hulle standpunte rakende die politieke toutrekkery van die dag na 1902 is beperk. Die publikasies is oorlaai met besonder baie alledaagshede wat met die oogopslag ver verwyderd voorkom van die persoon Tibbie as sentrale fokus. Die publikasie dien veel eerder as ruim ( en soms te ruim) inkleding om haar as persoon uit te lig. Sosiale historici en diegene gemoeid met geslagstudies behoort veral baat te vind by hierdie besonder gedetailleerde publikasie rakende mevrou Rachel Isabella Steyn.

Elize van Eeden
*PUCHO*